OGGENDDIENS 29 MAART

(ELEKTRONIES GELEWER)

SKRIFLESING : Matt 14:22-32

PREEK :

Jesus stuur Sy dissipels om na die “oorkant” te vaar. Dit dui vir ons aan dat hulle aan die oewer van die see van Galilea was. Hierdie see van Galilea was eintlik n groot binnelandse meer -mense het aan weerskante van sy oewers gewoon. Jesus stuur dus Sy dissipels huis toe,Hy wil ook alleentyd saam met Sy Vader deurbring. Die meer was n baie onvoorspelbare reisgenoot en n nagmerrie vir n visserman aangesien dit in n oomblik vanaf n spieëlgladde oppervlakte na n stormsterkte en maalende waterkolk kon verander. Die dissipels bevind hulle in so n storm – en dit in die stikdonkernag. Om alles te kroon kom daar nog n “spook” hier teen dagbreek op die water aangeloop – genoeg om hierdie manne van vrees te laat uitroep en skree.

Dan kom daar uit die newels van die oggend en die storm n baie bekende stem wat met gesag uitroep : *Wees gerus dit is Ek moenie bang wees nie*. Miskien is jy vanoggend op die oop see met sy geweldige storms – baklei jy met onsekerhede – sal ek salaris kry, sal ek vir my gesin kan sorg, sal my gesin die virus kry ? Sal ek hierdie 21 dae grendeltyd kan ooorleef ? Die Een wat vanoggend na jou toe kom is nie n spook nie – dis Jesus -hoor net Sy sagte stem wat sê *Wees gerus dit is Ek moenie bang wees nie*.

Nou kom ons by Petrus . Petrus twyfel of dit Jesus is -aan die eenkant wil hy dit glo, aan die anderkant twyfel hy – daarom sê hy : as dit ***regtig*** U is, beveel my om op die water na U te kom. Jesus moet dus aan hom bewys wie Hy is. Op Jesus se bevel klim Petrus uit die boot en begin hy na Jesus te loop. Ek kan my indink wat op daardie oomblik deur Perus se kop gaan *: Ek loop op die water, ek loop op die storm – dit kan mos nie waar wees nie !!*

Ons lees dat Petrus naby Jesus gekom het – maar toe het hy gesien hoe sterk die wind is, hoe hoog die golwe is – toe word hy bang en hy sink.In rugbytaal sou ons sê Petrus het sy oog van die bal gehaal toe vang hy mis. Hier fokus Petrus op die sterkte van die storm, die grote van die golwe en sy eie worsteling dat hy nie veronderstel is om op water te kan loop nie – dan sink hy.

Is dit nie maar ook ons probleem nie ? Ons fokus so geweldig op ons probleme, die hoogte van die golwe, die sterkte van die wind dat ons Jesus nie sien nie en meer nog: nie hoor wanneer Hy vir ons verseker dat ons nie moet bang wees nie. Wanneer Petrus op die krag van die storm fokus, verloor hy sy geloof en hy sink. Hy het met sterk geloof die veiligheid van die boot verlaat om na Jesus toe te gaan,maar halfpad sy geloof verloor. Wanneer Jesus vir ons roep, ons verseker dat Hy naby ons is, dan wil ons dit so graag glo,maar dan neem die ongeloof weer toe – die ongeloof wat ons dikwels realiteit noem – die realitiet is ek sit sonder werk, die realiteit is dat as ek nie werk nie word ek nie betaal nie ens. – dan verswelg die geloei van die wind en die geraas van die golwe Jesus se stem wat uitroep moenie bang wees nie – ons hoor dit nie en ek sink. Wanneer Petrus sy hand uitsteek en na Jesus roep, is Hy daar om daardie hand te vat en Petrus weer op te help. Wanneer jy sink, sal Jesus ook daar wees vir jou – steek net jou hand uit na Hom.

Dan klim Jesus in die bootjie en die wind gaan lê. Dit is toe dat die manne besef dat die "spook" regtig Jesus is.

Slot

Broers en susters, elkeen van ons dobber een of ander tyd op die stormwaters van die lewe- dalk worstel jy met jou gesondheid, dalk is jy bekommerd oor die gesondheid van n geliefde. Jy worstel dalk met die onsekerhede van die toekoms, of die spoke van die verlede – wat jou ookal op die stormwater van die lewe geplaas het, raak net vir n oomblik stil en hoor weer die stem van Jesus wat op hierde oomblik vir jou wil sê : *Wees gerus  dit is Ek moenie bang wees nie.* As jy alreeds besig is om te sink : steek net jou hand uit en vra *Here red my* !! Laat Hom dan toe om nou in jou bootjie te klim sodat die storms in jou lewe kan gaan lê

AMEN

Ons wil al ons lidmate sterkte toewens met die oorblywende grendeltyd.

Hierdie week verjaar die volgende persone :

Jana Jacobs -   30 Maart

Barbara Olivier 31 Maart

Nicolene Joebert – 2 April

Veels geluk met julle verjaarsdae – jammer dit val nou binne die grendeltydperk- so dit sal maar n stil verjaarsdag wees.

Ons wil vra dat ons lidmate steeds getrou hulle bydraes direk in ons bankrekening by ABSA 220-580-385 sal inbetaal

Baie dankie vir julle begrip en meelewing.